# KINDERKERK LES: Vrugte van die Gees - Liefde

**Doel van les:**

Ons begin vanaand die Vrugte van die Gees reeks deur oor liefde te gesels.

(Jy het twee piesangs of ander vrugte nodig vir die inleiding. Laat die een piesang vrot raak en die ander een moet ryp wees.)

**Sê:** As ek vir een van julle hierdie piesang (hou vrot piesang op) sou gee om te eet, wie sal dit wil eet? (Laat kinders antwoord) Natuurlik sal julle dit nie wil eet nie. Die piesang is dan vrot en gross. Mamma gooi sulke piesangs eerder weg voor sy dit vir jou sal gee om te eet.

Wat as ek vir julle eerder so 'n piesang gee? (Hou die ryp piesang op) Sal julle dit wil eet? Ek sou. Dis ryp en proe seker baie lekker.

Dink net jy gaan kuier op 'n plaas en sien 'n klomp appelbome. Jy is vreeslik honger en hardloop om te kyk of jy 'n appel gepluk kan kry. Wat sal jy dink van die boom as al die appels gagga en vrot lyk? Sal jy daai appels wil pluk en eet?

Wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee, kom maak die Heilige Gees Sy huis in ons hartjies. Soos ons al hoe meer groei in die Heilige Gees, raak ons soos 'n boom wat aanhou groei en vrugte dra. Kom ons staan almal en maak asof ons arms takke is. Ons mag dalk nou nie piesangs of appels sien hang van die takke nie, maar aan die binnekant is daar vrugte wat groei. Ons noem hulle die Vrugte van die Gees en daar is nege van hulle.

Liefde, vreugde, vrede, geduld, selfbeheersing, goedheid, nederigheid, vriendelikheid en getrouheid. Hierdie vrugte laat ons anders lyk as mense wat nie aan Jesus behoort nie.

Ons gaan hierdie kwartaal lekker van al hierdie vrugte leer en hoekom hulle belangrik is. Vanaand gaan ons bietjie gesels oor liefde.

**Vra:** Vir wie is julle almal lief? Wat doen jy vir iemand wanneer jy lief is vir hulle? Hoe wys jy dat jy lief is vir iemand?

Kry terugvoering.

**Aktiwiteit 1: Vang met jou mond**: Kry suur wurms vir die speletjie asook pak marshmallows vir elke groep. Laat kinders in 'n ry staan en gee vir elke kind 'n marshmallow. Leiers het pak suur wurms by hulle. Leiers gaan staan so vyf tree weg van hul groep oorkant eerste kind. Eerste kind in ry gooi marshmallow na leier en leier probeer dit met hul mond vang. Nou gooi leier die suur wurm na kind en die kind probeer dit met hulle monde vang. Speletjie gaan aan totdat elke kind in groep beurt gehad het.

**Sê:** Ons het netnou gepraat van mense vir wie ons baie lief is soos mamma en pappa, ouma en oupa of boeties en sussies, dalk jou beste maatjie. Ons het gepraat van die mooi dinge wat ons vir hulle doen om te wys hoe lief ons hulle het.

Maar dan is daar mense wat ons maar sukkel om lief te hê. Sien net soos julle lekker soet marshmallows na julle leiers gegooi het en hulle suur wurms terug na julle gegooi het en julle nie vreeslik daarvan gehou het nie, is daar mense wat sommer vir geen rede lelik is met ons. Hulle is ongeskik met jou, terg jou of miskien het iemand jou sommer al geskop. Vir sulke mense voel jy dalk glad nie lus om liefde te wys nie, maar weet julle dis waar die Vrugte van die Heilige Gees inkom. Ons moet juis liefde wys aan daardie mense. Dink julle ons kan?

**Illustrasie: God se liefde**: Kry twee deurskynende glase asook 'n emmer vol water en 'n sponsie. Skryf op 'n blaai God se liefde en plak dit op die emmer. Steek die emmer weg en plaas die twee glase op 'n tafel. Druk die spons een maal in die emmer water en sit dit eenkant. Vra een van die kinders om jou te kom help. Jy kan 'n piering onder elke glas sit om water wat mors te vang. Verduidelik dat die glas iemand anders is en hou sponsie nou op. Die sponsie is die kind wat jou help se liefde. Vra nou dat die kind al die water in die sponsie uitdruk in die eerste glas.

Hierdie verteenwoordig wanneer ons probeer liefde wys vir ander. Gee die kind kans om soveel moontlik van die water uit die spons gedruk te kry. Sê dankie en laat die kind gaan sit. Hou die glas op dat almal kan sien hoeveel water daarin is. Vra vir hulle of hulle dink hul sal meer water kon inkry. Dink hulle dis genoeg water?

Daar is water in die glas, maar dis nie naby aan vol nie. Wanneer ons sonder die Heilige Gees probeer ander liefhê, lyk dit omtrent so iets. Ons het nie genoeg liefde om almal lief te hê nie. Veral daardie mense vir wie ons nie regtig lus het om lief te hê nie.

Vra vir 'n ander kind om te kom help. Gee die sponsie vir die kind en vra dat hy/sy probeer om nog water uit te druk in die tweede glas. Dink die klassie dat daar baie sal uitkom? (Aangesien die eerste kind reeds omtrent als uitgedruk het, sal hulle sê daar gaan baie min of niks uitkom.)

Tel nou die emmer op en sit dit op die tafel. Draai dit so dat die kinders die woorde God se liefde kan sien. Vra wat op die emmer staan.

Sê vir die tweede kind dat hy/sy nou soveel keer as wat hy/sy wil die sponsie kan druk in die emmer en uitdruk in die glas totdat die glas vol is. Wanneer die glas vol is en dit selfs bietjie oorloop, kan kind stop en gaan sit.

Vra vir kinders wat hulle dink van die twee glase. Hoeveel water is in elkeen? Wat het beter gewerk: om net uit die sponsie soveel moontlik water te probeer druk of om heeltyd te kon uit die emmer water kry en dan uit te druk in die glas?

God se liefde raak nooit op soos ons mense se liefde nie. Hy het altyd en as ons Hom vra, sal Hy ons help om selfs die mense lief te hê wat ons nie altyd so mooi behandel nie. Hy wil ook hê dat ons almal moet lief hê. In die Bybel staan dit selfs dat ons mense moet lief hê soos ons onsself liefhet. Dit kan ons net doen met die Heilige Gees se hulp.

Kom ons bid nou in ons groepe en vra God om ons te help ander liefhê.

Sluit af met gebed.